Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

15 November 2023
OB 42

Beste Ouers

Ongelooflik, maar waar. Hierdie is die laaste Montienuus van die jaar. Ons sluit hierdie week af met die laaste sportbyeenkomste van die jaar. Ons het reeds afgesluit met die laaste kultuurbedrywighede van die jaar, met die Ouma- en Oupadag. Ons glo die toeskouers het die geleentheid geniet. Baie dankie aan al die Montie-ouers wat eetgoedjies gestuur het, dit was meer as genoeg en ons het nie nodig gehad om enige iets aan te koop nie. U bydrae om iets spesiaals aan te bied word baie waardeer.

Mnr. Gustav Hahn het bedank en verlaat ons op 30 November. Hy het 'n pos aanvaar by Hoërskool Brackenfell. Mnr. Gustav het op baie plekke gehelp en was altyd gewillig om 'n nuwe taak aan te pak. Hy het beïndruk as skeidsregter en ek dink ons gaan in die toekoms van hom as skeidsregter hoor.

Ons PYEI-assistente wat in Februarie by ons aangesluit het, verlaat ook die skool op 30 November, wanneer hul kontrakte met die WKOD eindig. Ons groet dus vir jufe. Chesné Pekeur, Britney Strauss, Lauren-Lee Jacobs en Maeghan Hoffman. Ons wens hierdie dames en mnr. Gustav alle sterkte en sukses vir die toekoms toe. Mnr. E.J. Sacco bly nog aan in die klerewinkel en as administratiewe assistent, tot aan die einde van die kwartaal. Juf. Sylvia Beukes mnr. Joshua Blacklaws is poste aangebied as assistente in 2024. Ons ander assistente bly aan in hul poste.

Op 20 November begin die gr. 7's se eksamen en op 22 November die finale formele assesserings van gr. 4-6. Ons vra dat u as ouers asseblief sal toesien dat u kind deeglik voorberei vir die assesserings, sodat hulle die jaar goed op akademiese gebied kan afsluit. Alle leerders het reeds eksamen-/toetsroosters, asook afbakenings ontvang. Indien u dit nie ontvang het nie, kontak asb. die skool sodat ons nuwes kan stuur.

Ons gaan vanaf die 20e November 'n daaglikse sessie om atletiek te oefen inruim. Tydens die massa-deelname word leerders geïdentifiseer wat kan deelneem in die volgende seisoen. Die huidige 9-jariges word aan velditems bekendgestel, waaraan hulle kan deelneem vanaf volgende jaar. Ons vertrou ons leerders gaan van hierdie geleentheid gebruik maak om te begin fiks word vir atletiek. Hierdie is ook die kans om bietjie oefening in te kry, voor hul middagsessie agter die boeke weer begin.

U sal soos gebruiklik aan die einde van die jaar, 'n jaarverslag van 2023 ontvang.

Sterkte vir die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof



Installeer asb. die d6-Connect *Toep* vir beter en vinniger kommunikasie.

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 15 Nov	Laaste Montienuus vir 2023
Donderdag, 16 Nov	Laaste Somersport oefeninge Krieketafsluiting: o. 13 seuns teen Ouers en personeel
Vrydag, 17 Nov	Gr. 1K entrepreneurs GF Boeke huis toe Netheidsinspeksie
Maandag, 20 Nov	EKSAMEN BEGIN (Gr. 7: NW) Atletiekoefening begin na eksamensessie
Dinsdag, 21 Nov	EKSAMEN (Gr. 7: Tegnologie)
Woensdag, 22 Nov	EKSAMEN (Gr. 4-6: Wisk; Gr. 7: Afr)
Donderdag, 23 Nov	EKSAMEN (Gr. 4-6: Eng; Gr. 7: Gesk)
Vrydag, 24 Nov	EKSAMEN (Gr. 4-6: Gesk; Gr. 7: Eng)
Maandag, 27 Nov	EKSAMEN (Gr. 4-6: NWT; Gr. 7: EBW)
Dinsdag, 28 Nov	EKSAMEN (Gr. 4-6: Afr; Gr. 7: LO)
Woensdag, 29 Nov	EKSAMEN (Gr. 7: Wisk)
Donderdag, 30 Nov	EKSAMEN (Gr. 4-6: PSW; Gr. 7: D+VK)
Vrydag, 1 Des	EKSAMEN (Gr. 4-6: Geo; Gr. 7: Geo) Gr. 4-Kamp Gr. 7-Afskeidsaal
Dinsdag, 5 Des	Gr. 7O: Uitstappie
Donderdag, 7 Des	Prefekkamp (2024) GF Erkenningsaand
Vrydag, 8 Des	Prefekkamp (2024) Gr. 1K-klasuitstappie Ope entrepreneurs
Maandag, 11 Des	IF Erkenningsaand
Dinsdag, 12 Des	Gr. 7 Afskeid (Sokkie)
Woensdag, 13 Des	SKOOL SLUIT

S L U I T K A S S I E S

Alle sluitkassies moet teen 8 Desember 2023 oop en leeg wees asb. Anders sal die slotte geknip word.

SKOOLTYE vanaf 20 November

07h45 – 13h00 elke dag

PERSONEEL VERJAARSDAE:

16 November: Wilmedine Boer

21 November: Maryn Stemmet

13 Desember: Eileen Olivier

Eksamen- en toetsrooster:

Gr. 4-7
November 2023

Dag	Datum	Gr. 4 - 6	Gr. 7
Maandag	20/11		NW
Dinsdag	21/11		TEG
Woensdag	22/11	WISK	AFR
Donderdag	23/11	ENG	GESK
Vrydag	24/11	GESK	ENG
Maandag	27/11	NWT	EBW
Dinsdag	28/11	AFR	LO
Woensdag	29/11		WISK
Donderdag	30/11	PSW	D + VK
Vrydag	1/12	GEO	GEO

Gr. 6O: Uitstappie

Op Vrydag, 10 November 2023, het die graad 6O-klas Playalot in Kuilsrivier besoek vir hul welverdiende uitstappie. Die klas het die uitstappie gewen nadat hulle een van die klasse was wat die meeste geld vir die Montie-Mall projek ingesamel het.

Daar is heerlik gespring, speel en klouter. Die "5 D cinema" was ook 'n groot hoogtepunt vir die leerders. Graad 6O is baie dankbaar vir die uitstappie en beplan om volgende jaar weer die meeste geld in te samel na hierdie lekker dag!

KRIEKET

DOGTERSKRIEKET

Dinsdag, 7 November, het die o. 13-dogters hul eerste wedstryd teen Laerskool Robertson gespeel.

Beide spanne het dit baie geniet. Die Monties het goed geboul en veldwerk gedoen. Die beste bouler was Gailynne Saaiman.

Dinsdag, 14 November, het die o. 11-dogters 'n vriendskaplike wedstryd teen die o. 11-seuns gespeel. Beide spanne het dit baie geniet.

Die dogters sien uit na die 2024-seisoen!

KRIEKET O.13 SEUNS TEEN BONNIEVALE HOËRSKOOL

Monties kry 130 lopies en Bonnievale kry 70 lopies.

Beste kolwer Zack Roos. Beste bouler Timothy Saunders. Baie geluk, Monties!

AFSLUITINGSWEDSTRYD

Donderdag, 16 November 2023.

Afsluitingswedstryd, o.13 seuns teen Ouers en personeel.

NB NB NB NB NB

ALLE Gr. 4 tot 7-leerders MOET Vrydag, 8 Desember by die skool wees, aangesien ons die briewe gaan uitgee vir die leerders wat pryse ontvang tydens die Erkenningsaand.

Atletiekoefeninge

Vanaf Maandag, 20 November tot Vrydag, 1 Desember gaan die Monties ELKE DAG na afloop van hul vraestelle, atletiek oefen. Leerders kan Maandag, Woensdag en Vrydag met Laerskool Montagu sportdrag skool toe kom en Dinsdag en Donderdag met hul eie sportdrag.

Grondslagfase Erkenningsaand

Donderdag, 7 Desember is dit die Grondslagfase se erkenningsaand. Alle Gr. 1 – 3 leerders moet Donderdag, 7 Desember in die skool wees sodat ons kan oefen. Alle leerders kry 'n sertifikaat en moet die aand bywoon.

Seniorburgerdag

Dit was 'n wonderlike oggend van heerlike kuier saam met al die oumas en oupas van Monties. Woensdagoggend, 8 November 2023 is al die seniorburgers ontvang. Die leerders het gewys watter wonderlike talent daar is by Monties. Daar was voordrag, klavierspel, sang en die optrede van Junior en Senior kore, sowel as die twee spreekkore.

Die oumas en oupas is ook bederf met heerlike eetgoed wat deur die ouers verskaf is. Almal het lekker gekuier en ons sien alreeds uit na volgende jaar as ons weer saam kuier.

Babbel-en-Bekkie Perseel te huur

Die kleuterskool se terrein is beskikbaar om te huur vanaf 1 Januarie 2024. Sien asb. meegaande advertensie wat ook op d6-Connect uitgestuur word. U kan ook 'n harde kopie van die advertensie by die kantoor kom afhaal.

Skoolgeld 2023

Alle skoolgeld vir 2023 is nou betaalbaar. Gebruik asseblief d6 Connect om u rekening na te gaan en seker te maak u is op datum. Gebruik asseblief altyd u familiekode as EFT verwysing. Ons het tans heelwat betalings ontvang met **onvolledige verwysings** o.a.: Monties; L.M.; skoolgeld; 051001; 1086 & 1087 ens. Hierdie betalings kan nie geallokeer word nie. Indien u betalings gemaak het wat nie op u rekening verskyn nie stuur asseblief 'n epos vir Annie by montagu.prim@wcgschools.gov.za met die volle besonderhede van u betaling.

Rekenaargeld 2023

Rekenaargeld vir kw4 is ook nou betaalbaar. Die bedrag beloop R300 per kwartaal.

Skool epos-adresse

Ons is tans besig om die skool se Telkom epos-rekeninge uit te faseer. Gebruik asseblief die volgende epos-adresse om ons te kontak:

- Amptelike skool e-pos adres: montagu.prim@wcgschools.gov.za
- Skoolhoof: skoolhoof@laerskoolmontagu.net
- Ontvangs: ontvangs@laerskoolmontagu.net
- Klereverkope: klerewinkel@laerskoolmontagu.net
- Finansies: montagu.prim@wcgschools.gov.za

Die skool kan ook direk gekontak word deur 'n boodskap vanaf ons webblad of met d6 Connect te stuur. Gebruik asseblief d6 Connect om afwesighede aan te meld of om u kontakbesonderhede op te dateer.